17 JUNIE 2018 *Vadersdag*

09:00 Erediens

Fay van Eeden
Preekreeks #1: Rut

18:00 Aanddiens – Kapel

Fay van Eeden
Preekreeks #2: Rut

24 JUNIE 2018

09:00 Erediens

Fay van Eeden
Preekreeks #3: Rut

18:00 Aanddiens – Kapel

Fay van Eeden
Preekreeks #4: Rut

1 JULIE 2018

09:00 Erediens – Doop

Immanuel van Tonder

09:30 Lynnwood Oord-diens

Prof. Nelus Niemand

18:00 Aanddiens – Kapel

Jakkie Strachan

8 JULIE 2018

09:00 Erediens

Quintus Smit

18:00 Aanddiens – Kapel

Juan Aveling

15 JULIE 2018

09:00 Erediens

Peet Crous

18:00 Aanddiens – Kapel

Jeanri Bezuidenhout

Die boek Rut is 'n liefdesnovelle wat enige sepie vervelig laat lyk. Die verhaal laat 'n mens oor baie sake nadink – hoe God in 'n mens se lewe werk, hoe jy mense wat anders as jy is hanteer ens. Vir die volgende vier eredienste reis ons saam deur hierdie liefdesnovelle. As jy iewers 'n tydjie het lees gerus die verhaal solank deur.

Winterfees 29 Julie 2018

Ons hou om 19:00 na die aanddiens 'n Winterfees – teken solank die datum aan!

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Bedieningvergadering** 16:00 (A21).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Afsluiting by *1855 Lynnwood Bridge*). Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Skole sluit.** **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.



Strawless in Seattle:

Ekologiebediening moedig die gemeente aan om minder plastiek te gebruik. Weier bv. om met wegneemetes enkel-gebruik-strooitjies te neem.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Vertel my 'n storie...

Eugene Peterson, die Amerikaans-gebore teoloog, is veral bekend vir sy *The Message* parafrase van die Bybel. Hy het onder andere ook 'n boek oor die lewe van koning Dawid *Leap over a Wall* geskryf. In laasgenoemde boek vertel hy 'n verhaal wat 'n mens tot nadenke stem. Hy het een aand saam met 'n klompie vriende geëet. Hy beskryf selfs die spyskaart. Ek lui daaruit af dat dit in die winter moes wees. Die hoofgereg was winterkos, sop en brood. Terwyl hulle besig was om koffie te drink, het die gasheer gevra dat elke gas aan tafel moet vertel van iemand wat deur sy/haar optrede of woorde 'n belangrike invloed op hul spiritualiteit gehad het. Niemand het moeite gehad om aan iemand te dink nie. Die stories het gevloei.

[Wil jy nie ook voor jy verder lees hierdie vraag oorweeg nie: Wie onthou jy vandag wat 'n belangrike invloed op jou geloofsvorming gehad het?]

Nadat elkeen 'n beurt gehad het om sy of haar storie te vertel, het Peterson nagedink oor wat gesê is. Hy het onder andere tot hierdie gevolgtrekking gekom: "When everyone around the table had contributed, I noticed that while each story had included details that were formative… in our entering or continuing the Christian life, not one of them had been about a pastor or professor, missionary or evangelist. The people we characteristically slot in the front ranks of leadership in matters of acceptance and growth in the faith - the religious professionals – hadn't once been mentioned as we drank our coffee and told our stories."

Peterson vertel die verhaal in sy eerste oordenking oor die lewe van Dawid, naamlik die salwing van Dawid tot koning in 1 Samuel 16:1-13. Die verhaal vertel hoe Isai sewe seuns voor Samuel laat paradeer, maar dat God nie vir Samuel 'n koning uit hulle aanwys nie. Daarna moet Isai sy agste seun, die jongste, die geringste, uit die veld laat haal waar hy besig was om skape op te pas. Hy word as so onbelangrik geag dat hy in die eerste plek nie na die geleentheid genooi is nie. Maar hierdie seun, Dawid, word deur die Here as koning aangewys en Samuel salf hom in sy amp. Die verhaal beklemtoon dat God 'n gewone, geringe Dawid aanstel om koning te word!

Bogenoemde gedagtes word nie deur Peterson geopper of deur my herhaal om die rol van predikante, teologiese professore, sendelinge en evangeliste gering te skat nie, maar om wat die 16 de eeuse kerkhervormers die "priesterskap van alle gelowiges" genoem het te beklemtoon. Daarmee word bedoel dat nie net die aangewese leiers (predikante, priesters, ens) verantwoordelik is vir die werk in die koninkryk nie. Maar dat God naas hierdie godsdienstige "eksperts" juis "gewone" gelowiges gebruik om baie belangrike koninkrykswerk te doen.

Dit is dalk nodig om aan die begin van koninkrykstyd weer te sê: Daar is werk vir almal! Kom ons doen dit!

Groete
Eric Scholtz
(*Namens die predikantespan*)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Kraakvars Classics: 'n lig-klassieke produksie aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark, vir fondsinsameling, op 26 Augustus om 16:00 by Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark. Soliste André Schwartz, Burgerd Botha, Henry van Dyk, Veramarie Meyer, Charlotte Killian, Helena Ceronio en die Capital Filharmoniese orkes onder leiding van Schalk van der Merwe. Kaartjies: 083 289 1869 danievr@lantic.net (Danie van Rensburg) R200 – R250).

Transoranje-Skool vir Dowes: Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep TOUCH OF CLASS saam met Transoranje Gebare Koor 'n *SOUND OF SILENCE*-konsert hou op Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00 in die Aula Teater, UP kampus. R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis). Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com. Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.